

**BEROEPENUUS– 21 Apr. 2013****Beroepe ontvang**

Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Heidelberg

**Beroepe aanvaar****Beroepe bedank****Ons Sabbatsrus vind ons in God se genade** –deur ds. E Kayayan*Vervolg van verlede week*

Die outeur van die Hebreërbrief verwys in ons teksgedeelte na hierdie bevryding uit Egipte. (Hebreërs 3:16. Hy wys ook dat sonder geloof in God en sy verlossingsdade vir ons alles tevergeefs is. Vir die Christen vind die finale verlossing in Christus op die eerste dag van die week plaas. Jesus verskyn op die eerste dag van sy opstanding aan sy dissipels en sê: ‘Vrede vir julle!’ Shalom, Goddelike vrede vir julle!

Die Sabbat is dus die oorwinning van die verlossingsrus. Daarom moet ons nie ’n fout maak wat baie mense (bewus of onbewus) maak nie. Die Sabbat en alles wat daarmee gepaardgaan – soos ons erediens – is nie ’n bepaling wat uit die kerk voortvloei asof die kerk vir ons voorskryf om elke eerste dag van die week bymekaar te kom en die Here se Naam te aanbid nie. Die teenoorgestelde is eintlik waar: die kerk is die vrug van die Sabbat. Die kerk is die gemeenskap van God se verlore volk wat bymekaarkom om sy Naam te verheerlik, omdat daar ’n Sabbat is – ’n rus wat God deur ’n magtige verlossingsdaad vir ons bewerk het. Ons Sabbatsrus is uitsluitlik in God se genade te vinde. As hierdie Bybelse begrip ernstig opgeneem word, sal baie kerke miskien minder aan allerhande vorme van ekklesio-sentrisme ly – ’n vorm van afgodery van die kerk wat so min rus aan ons gee: die kerk as ’n organisasie, ’n administrasie en soms ’n burokrasie.

**Die opdrag van rus**

Die teken van God se verlossingsdaad beteken nie dat daar vir ons geen opdrag in die Sabbat is nie. God beveel dat ons moet rus. Kom ons kyk na dié soort rus.

Calvyn skryf in die Geneefse Kategismus dat die Sabbat aan ons gegee word om geestelike rus aan te dui. Hy voeg by dat God kom om sy werk in ons te verrig wanneer ons van ons eie werke rus. Ons word ontvanklik vir so ’n werk deur ons eie vlees te kruisig, dit wil sê deur ons eie self te verloën, sodat ons deur God se Gees gelei kan word. Een dag per week is nie genoeg om hierdie verloëning te bewerk nie.

Dit moet ’n permanente gesindheid wees wat jou helelewe lank duur. God het die sewende dag gekies – in die Skrif is dié syfer ’n simbool van perfeksie. Ons geestelike rus, wat ons in hierdie

lewe begin, sal sy perfeksie bereik op die dag wanneer ons hierdie wêreld sal verlaat. In die Heidelbergse Kategismus vind ons ’n gelyke invalshoek:

‘Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bese werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe’ (Sondag 38).

*Word vervolg*

|  |   |
|--|---|
| Vandag– Dries Badenhorst<br>0826124244 | 24/04– Elria van der Linde<br>0832318779  |
| 23/04– Lenie Labuschagne<br>0832564364 | 25/04– Eugene Koole<br>0729291648   |
| 23/04– Rita van Dyk<br>0124605964      | 25/04– Stoney Steenekamp<br>0734278319  |
| 24/04– Amanda Roets<br>0825860824      | <i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i> |

**Bale geluk met u verjaarsdag**

Die jongperd was eers wys en naderhand touwys. Ek was eers eiewys en naderhand wys –CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za** OF**www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks:0123265287


Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

**21 April 2013**
**EERSTE EREDIENS**–(9h00 )**Skriflesing:** Levitikus 23:23-32; Levitikus 16:1-10; Hebreërs 10:19-25**Teks:** Levitikus 23:26-32**Sing:** Ps. 19:1; Ps. 65:2; Ps. 86:8;

Ps. 40:5

**DIE GROOT VERSOENDAG**

Ons het verlede Sondag gehoor dat Paasfees bring ons by die vrede van God, Pinkster bring ons by die krag van God en dit waarmee ons nou besig is, hierdie laaste feeste wil ons bring by die rus van God. Die trompette het hierdie rus aangekondig. Vandag is die kern dat daar vir die mens geen rus kan wees as ek nie met God versoen is nie. Eers as daar versoening is, kan daar voortdurend gemeenskap met God wees. Daardie durende gemeenskap wat deur die Looftutfees aangedui word, het as voorwaarde ware versoening met God.

Die Jode noem hierdie fees in besonder *Yom Kippur* letterlik vertaal die dag van die versoening. Deurlopend sal ons hier met hierdie fees die hande moet lê op wat is ware versoening.

**KATKISASIE**– Katkisasie gaan normaal voort

**TWEDE EREDIENS**– (ná katkisasie)**Skriflesing:** Rigters 6:11-24; 33-40; Markus 7:24-37**Kategismus:** Sondag 25**Sing:** Ps. 116:1,7; Ps. 33:1; Ps. 146:1,6**SAKRAMENTE**

Hoekom doen Jesus al hierdie dinge en dan veral ook die vraag, hoekom het die Here Jesus na die hemele gekyk en toe gesug.

Die Here sou mos onmiddellik sonder enige middel van hande of spoeg die man kon gesond maak, dat hy weer sou kon hoor en reg praat. Maar die Here doen dit juis anders. Die Here gebruik middele in hierdie wonder wat ook na ons moet deurdring.

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
pjventer@gkpretoria.org.za  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
www.gk-pretoria.weebly.com

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 16 en 17**

Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher  
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

**Volgende Sondag– Wyke 18 en 19**

Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy  
Diakens: Willem du Plooy

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Br Piet van der Kooi** se toestand is nog kritiek. Hy is in Muelmed hospitaal. Ons gebed is dat die Here in die tyd sy hand oor hom en sy geliefdes sal vashou. **Ds. Andries Mulder** se knie het weer erge ontsteking ontwikkel. Hy is steeds in die Kloof hospitaal. Ons vertrou die talle dreinerings en behandelings sal geseënd wees. **Sr Hester van Vuuren** het geval en ernstig seergekry. Haar heup is ook gebreek. Sy is tans in Kalafong hospitaal. Ons dink aan haar en bid dat daar vir haar uitkoms mag wees. **Sr Hanneljie Goote** is ook in Die Kloof-hospitaal. Daar is water op die een long wat verwyder moet word. **Sr Anna van der Dussen** se ander oog is ook geopereer. Sy vind dit nog baie moeilik om weer te lees. Ons vertrou dat sy spoedig volkome mag herstel. **Sr Marietjie Minnaar** is ons dankbaar vir die goeie herstel ná haar rugoperasie. Die dokter het in hierdie week sy tevredenheid oor haar vordering uitgespreek. **Sr Petro Riphagen** word ook volle herstel na haar operasie toegebid. **Br. Jaco Venter** wat n gedeeltelike skouer- vervanging operasie ondergaan het, word volle herstel toegebid. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr's Lenie Labuschagne en Hester van Vuuren** wat beide vir lang tye nie meer in staat is om eredienste by te woon nie, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hulle woon in Huis Davidtz. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**WEBWERF / BAKKIESBLAD**

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLItik>  
Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/14sXfbM)

**SUSTERS– EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Die susters het versoek dat ons aan die Paul Kruger kinderkhuis op meer gereelde basis van blikkies-kos en ander nie-bederfbare produkte skenk. Daar sal by al die ingange van ons kerkgebou kanton-houers geplaas word waarin u hierdie produkte kan plaas. Dit sal dan op deurlopende basis leeggemaak word en aan die kinderkhuis geskenk word.

**KOLLEKTE**

|                                 |                           |  |
|---------------------------------|---------------------------|--|
| <b>Vandag:<br/>1ste diens</b>   | DVB                       | Spes.–<br>kollekte<br>Gerf kerk<br>Uitenhage |
| <b>2de diens</b>                | DVB                       | Instand-<br>houding                          |
| <b>2804/2013<br/>1ste diens</b> | Paul Kruger<br>kinderhuis | Jeugsorg                                     |
| <b>2de diens</b>                | DVB                       | Instand-<br>houding                          |

**DAGBOEK**

| DATUM           | GEBEURTENIS                         |
|-----------------|-------------------------------------|
| <b>20/04</b>    | 65+ Verg                            |
| <b>23/04</b>    | Finans-en Advies verg               |
| <b>25/04</b>    | Kerkrad vergadering                 |
| <b>26-27/04</b> | Belydeniskamp                       |
| <b>29/04</b>    | Katkisasiekomm vergd                |
| <b>04/05</b>    | Algemene sustersvergd               |
| <b>09/05</b>    | Hemelvaart: Ere-<br>diens :18h30    |
| <b>16/05</b>    | Oudl vergd                          |
| <b>18/05</b>    | 65+ Onthaal                         |
| <b>19/05</b>    | Voorbereiding<br>Belydenisaflegging |
| <b>26/05</b>    | Nagmaal en Nabetragting             |

**PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Ons vestig net u aandag op die SMS-nummer wat u kan skakel om aan die kinderkhuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**SUSTERS-**

Die susters beplan 'n byeenkoms vir 4 Mei 2013 om 14h00. Kennisgewings is in die voorportaal beskikbaar. Geopende deure gaan toeligtig gee oor hulle werk in die Oosblok-lande en daar gaan gesmul word rondom allerhande lekker geregte ter voorbereiding vir die beplande resepteboek.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*  
**Die vraag word dus aan die hele mensdom gevra. "Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is?" Almal moet die antwoord vind, "hetsy tot die lewe of tot die dood."**  
**2."Die vraag word op drieërlei wyse beantwoord"**  
**Die heidene, wyse manne uit die Ooste, sê: "Laat ons gaan soek."**  
*Hulle woorde beteken hulle het beslis geweet dat die Koning reeds gebore was. Hulle soek net die plek nog. Hulle volhard in hulle soektog, want hulle moes 'n openbaring van God ontvang het (soos Hy hulle weer in 'n droom waarsku om nie na Herodus terug te gaan nie.) Dit kon dalk vir hulle 'n te-leurstelling wees dat geen Jode in blydskap saam met hulle trek Bethlehem toe nie. Hulle is egter bly as hulle die ster weer sien.*  
**Hulle is voorbeeld vir alle soekende mense. "Soek en jy sal vind."**  
**Herodus antwoord anders. Met lis wil hy maak dat die wyses hom kom sê as hulle die Koning vind. Hy gaan nie, en stel uit. Hy sal met die swaard gaan. Hy sal net nog 'n moord pleeg om sy troon te behou. Esau se haat leef voort, en hy vervolg Jakob se nageslag, en Ismael vervolg Isak se geslag. "Dit is die antichristelike mag". So word ook nou, waar Jesus aan die regterhand van die Vader is, die gemeente vervolg. Dit sal aangaan totdat Antichris self hom teen Christus kom aanstel. Daardie einde nader steeds.**  
*Wat is die Jode (Israeliete) se antwoord? Met die Woord van God by hulle, gaan hulle nogtans nie. Herodus kom nog met 'n antwoord dat hy gaan, maar hulle glo glad nie. Uit hulle oogpunt is dit nie die regte tyd vir die Koms wees nie.*  
*Is die laasgenoemde nie ook die houding van baie in die Kerk in ons tyd nie? Ons het die Woord en alles wat daarin geopenbaar is. Bring dit aanbidding mee? Kinders uit die Verbond wat die Weg ken. Maar sal hoere en tollenaars ons nie in die Koninkryk voorgaan nie? Sal dit die beeld van die Kerk wees met die Wederkoms?*  
*Mag ons waak en bid, die toekomsverwagting lewendig hou en deel bly van die oorblyfsel "wat volgens die verkiesing is."*

**2:1 – Bethlehem:** *Ons slaan 'n artikel van Totius oor Bethlehem oor, al is kennis van die tye en plekke in die Bybel goed vir die verstaan daarvan.*  
**2:2b – Ook 'n volledige artikel van Totius hieroor**  
*Die Oosterlinge was mense wat meer lewendig was met bepeinsing as die Westerse mense. Dit was so, dat Job en sy vriende ook nagedink het. Daarom kon van Salomo gesê word dat sy wysheid (wat uit God was) groter was "as die wysheid van al die kinders van die Ooste" (1 Kon 4:30).*  
*Die wyse manne van Mat 2 was nie geleerdes "in ons betekenis van die woord nie." [ Al was hulle dalk bekwaam in die sterrekunde van hulle tyd.] Hulle het insig gesoek in die natuur, maar hoër betekenis ook gesoek. Die Skrifgeleerdes was egter "letter-eters". Die kennis was nie in hulle harte nie. Ons moet ook meer peins oor die natuur en dinge van die lewe. Die priesters en skrifgeleerdes van daardie tyd was, as groep, oppervlakkig. Daarteenoor het die wyses uit die Ooste gelewe met die oë na bo.*  
*Dit wil egter nie sê dat Totius hom teen boek-geleerdheid uitspreek nie. In 'n volgende paragraaf betreur hy die feit dat gevoelsdrywers in ons land sulke skade gedoen het aan werklike kennis en geleerdheid.*  
*Waarop hy wil wys, is dat daar harmonie was by die wyse manne: tussen geloof en kennis. Kennis het hulle tot aanbidding gebring. Hulle was bly toe die ster die plek aandui waar Jesus was. Op dieselfde manier leer Christus ons bid, sodat ons nie van die hemelse majesteit van God op 'n aardse wyse sal dink nie. Kennis en liefde hoort saam. Daar was nou egter 'n afstand tussen wat in Jerusalem en in Bethlehem gebeur, wat maar 8 km uitmekaar is. Daar is aanbidders uit die verre Ooste, terwyl Jerusalem se tempeldiens kil is. Offers word gebring en geëis sonder barmhartigheid.*  
*Hierna gaan Totius dan aan om die fisiese verskille tussen die twee dorpe te teken, en daarop te wys dat die "stal" heel waarskynlik een van die grotte in die omgewing was, waar vee opgepas is. word vervolg.*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

6 Apr. 1652-Jan van Riebeeck land in Tafelbaai; 9 Apr. 1860– Emily Hobhouse gebore; 11 Apr. 1838– Slag van Italeri; 12 Apr. 1877– Eerste anneksasie van ZAR; 12 Apr. 1947– C. Louis Leipoldt oorlede; 14 Apr. 1919– Literariese afdeling van Teologiese skool word selfstandig staan nou bekend as P.U. K vir CHO; 17 Apr. 1863– Wyk Mooirivier word die Gerf kerk Potchefstroom; 22 Apr. 1688– Afvaart van die eerste Hugenote na die Kaap; 29 Apr. 1875– Tweede been van Dorslandtrekkers vertrek